

Cutting Edge / Snykant

RESEARCH NEWS FROM CITRUS RESEARCH INTERNATIONAL
NAVORSINGSNUUS VAN CITRUS RESEARCH INTERNATIONAL

March / Maart 2006

No. / Nr. 38

Changes to Cryptogran registration and Cryptogran recommendations

Sean Moore
CRI – Port Elizabeth

The Registrar of Act 36 of 1947 has approved an addition to the Cryptogran label, based on data from field trials conducted over 2 years, which River Bioscience submitted. With immediate effect, Cryptogran (10 ml/100 l water) can be sprayed **with 0.25% molasses (i.e. 250 ml/100 l water) with Agral 90 (18 ml/100 l water) (or any other alkylated phenol-ethylene oxide wetter)**. This is in addition to the existing registration of Cryptogran (10 ml/100 l water) + 0.5% molasses (500 ml/100 l water).

This alternative registration can be recommended with confidence. In all trials in which Cryptogran has been applied with 0.25% molasses and a wetter, results have been either similar to the original registration, or often even better.

The new registration would definitely be recommendable on grapefruit and Nule Clementines. In some instances, sooty mould and consequent blotching or streaking on the fruit of both these cultivars may have been associated with excess molasses residue. The lower molasses concentration is likely to reduce the possibility of such an occurrence.


The registered use of wetters is restricted to alkylated phenol-ethylene oxide wetters. This is simply because this is the only group of wetters which has thus far been tested adequately with Cryptogran and molasses. It is possible that in future this registration could be expanded to other wetters.

Note also that the **shelf-life** of Cryptogran has been changed. The current label gives the shelf-life of Cryptogran as seven months, when refrigerated (at 4°C). This has been increased to **12 months**, under the same conditions.

Growers in the Western and Northern Cape Provinces may currently be considering a second mandatory treatment for FCM of fruit designated for the US market. It is not recommended that Cryptogran be used in the western parts of the

Western Cape (e.g. Citrusdal, Clanwilliam) or in the Northern Cape at this time. Due to the exceptionally high levels of UV irradiation in these areas in mid-summer and the proven UV-sensitivity of insect viruses, it is possible that Cryptogran could be rapidly degraded. Commercial experience last season supports this possibility. From the end of March, UV levels are markedly lower. Cryptogran can then safely be used again in these regions, remembering that it is registered and recommended for use four weeks before harvest.

Good spray penetration and coverage late in the season becomes more difficult to achieve than earlier in the season due to the increase in tree density as a result of fruit and foliage growth, and the weight of the fruit preventing movement of the branches in the spray plume. Therefore, growers need to make an exceptional effort to achieve the required coverage at this time. If a high-pressure oscillating-tower mistblower is not available to achieve full cover film spray coverage, it will be necessary to apply Cryptogran with hand guns.



Cutting Edge / Snykant

RESEARCH NEWS FROM CITRUS RESEARCH INTERNATIONAL
NAVORSINGSNUUS VAN CITRUS RESEARCH INTERNATIONAL

March / Maart 2006

No. / Nr. 38

Verandering in Cryptogran-registrasie en Cryptogran-aanbevelings

Sean Moore
CRI - Port Elizabeth

Die Registrateur van Wet 36 van 1947 het 'n toevoeging tot die Cryptogran-etiket goedgekeur, gebaseer op data van boorproewe wat oor 2 jaar gedoen is, en deur River Bioscience voorgelê is. Cryptogran (10 ml/100 ℓ water) kan dadelik **met 0.25% molasse (d.w.s. 250 ml/100 ℓ water) met Agral 90 (18 ml/100 ℓ water) (of enige ander gealkileerde fenol-etileenoksied-benatter)** gespuit word. Dit is benewens die bestaande registrasie van Cryptogran (10 ml/100 ℓ water) + 0.5% molasse (500 ml/100 ℓ water).

Hierdie alternatiewe registrasie kan met vertroue aanbeveel word. In alle proewe waar Cryptogran met 0.25% molasse en 'n benatter toegedien is, was resultate óf soortgelyk aan die oorspronklike registrasie óf dikwels selfs beter.

Die nuwe registrasie word beslis vir pomelos en Nule Clementines aanbeveel. In sommige gevalle kon roetskimmel en gevolglike vlekke of strepe op die vrug van beide hierdie kultivars aan 'n oormaat molasse-residu toegeskryf word. Die laer konsentrasie molasse sal heel waarskynlik die moontlikheid van sulke voorvalle verminder.

Die geregistreerde gebruik van benatters is beperk tot gealkileerde fenol-etileenoksied-benatters. Dit kan toegeskryf word aan die feit dat hierdie die enigste groep benatters is wat tot dusver voldoende met Cryptogran en molasse getoets is. Dit is moontlik dat hierdie registrasie in die toekoms na ander benatters uitgebrei kan word.

Let asseblief ook daarop dat die **raklewe** van Cryptogran verander is. Die huidige etiket dui die raklewe van Cryptogran as sewe maande aan,

indien teen 4°C verkoel. Dit is na **12 maande** verleng, onder dieselfde toestande.

Boere in die Wes- en Noord-Kaap Provinsies oorweeg dalk tans 'n tweede verpligte behandeling vir VKM van vrugte bestem vir die VSA-mark. Cryptogran word nie op hierdie tydstip vir gebruik in die westelike dele van die Wes-Kaap (bv. Citrusdal, Clanwilliam) of in die Noord-Kaap aanbeveel nie. As gevolg van die buitengewone hoë vlakke van UV-bestraling in hierdie gebiede gedurende mid-somer en die bewese UV-sensitiwiteit van inseksvirusse, is dit moontlik dat Cryptogran vinnig afgebreek kan word. Kommersiële ondervinding verlede seisoen ondersteun hierdie moontlikheid. UV-vlakke is aansienlik laer vanaf einde Maart. Cryptogran kan dan weer in hierdie streke met veiligheid gebruik word. Hou egter in gedagte dat dit geregistreer en aanbeveel word vir gebruik vier weke voor oestyd.

Goeie spuitpenetrasie en dekking laat in die seisoen is moeiliker om te bereik as vroeër in die seisoen weens die toename in boomedigheid as gevolg van vrugte- en lowergroei, en die gewig van die vrugte wat beweging van die takke in die spuitpluim verhinder. Boere moet dus 'n buitengewone poging aanwend om die vereiste dekking op hierdie tydstip te bereik. Indien 'n hoëdruk-ossileertoring-newelblaser nie beskikbaar is vir volkome filmspuitdekking nie, sal dit nodig wees om Cryptogran met handgewere toe te dien.